23 Junie **Skrifgedeelte: 1 Samuel 29 en 30 (OAV)**
Fokusgedeelte: 1 Samuel 30

Dawid se sonde – en God se genade

Sonde is soos 'n sneeubal. Hoe verder dit rol, hoe groter word dit. Ons sien dit so duidelik by Dawid. Sonder om die Here te raadpleeg, vlug hy na die land van die Filistyne. Koning Agis verwelkom hom as bondgenoot en gee hom selfs die stad Siklag present (27:1-7). Dawid is veronderstel om sy eie mense, die Israeliete, aan te val. Hy doen dit egter nie. Hy val die Amalekiete aan en mislei Agis deur te sê dat hy die Israeliete aangeval het. En almal wat dalk vir Agis kan sê dat Dawid lieg, word doodgemaak (27:8-12). Dan gryp God in! Die Amalekiete neem weerwraak deur Siklag af te brand en al die vrouens en kinders as gevangenes weg te voer. As sy eie mense hom wil stenig, kom Dawid tot die besef van die grootheid van sy sonde. Dan vind hy krag in die Here, sy God (30:6). In 'n gebed vol berou raadpleeg hy die Here of hy die Amalekiete moet agtervolg. Die Here antwoord - en Dawid bring al die vrouens en kinders veilig terug!

Dis maklik om vir Dawid te verwyt dat hy sy eie kop gevolg het en nie die Here geraadpleeg het nie. Maar doen ons nie dikwels dieselfde nie? Laat ons ons liewer, soos Dawid, versterk deur die krag van die Here ons God en om vergifnis vra. Ons enigste heil lê in die Nakomeling van Dawid, ons Here Jesus Christus, wat ons deur sy kruisdood verlos het van die Siklag-puinhope van hierdie wêreld om ons in heerlikheid op te neem.

Sing: Psalm 74:15,16 *Dr CJ Malan (Emeritus)*